Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

Die Volksbeweging is die gemobiliseerde Afrikanerdom op die strydpad om die eie volk aan bewind te plaas in eie land.

# Die O.B.

'n Politieke party is die private leër van die beroepspolitici op die uitoorlê-pad om die landsbewind van die volk te buit.

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 26 SEPT. 1945. No. 44.

# Herrysenis van Hongersnood, Bankrotskap en Werkloosheid

## Noodsaaklikheid van 'n Nuwe Begin

***Hoewel die oorlog nog skaars verby is, het die chaos daarvan reeds nou al 'n tonnemaat naweë op die oorwonnene sowel as die oorwinnaar gelaai, wat vir albei op sy beste ellendige sukkeljare voorspel.***

***Ten opsigte van die oorwonnene is die nag duister. Hongersnood en pestilensie skyn onvermydelik hul lot te wees. „Ons jaag teen tyd om duisende te red van 'n hongerdood en epidemies", het Herbert Lehman, direkteur-generaal van UNRRA, verklaar. 'n Afvaardiging wat die Engelse kerke verteenwoordig het, het onlangs hul opwagting by die Britse Premier gemaak om hom te spreek t.o.v. „betreurenswaardige" toestande in Europa, veral met betrekking tot Duitse vlugtelinge. Die hele Europese huishouding is totaal ontwrig en Europa ervaar vandag sy eenheid in sy gemeenskaplike ellende.***

Boonop is Europa 'n draaikolk van politieke intrige wat nie alleen gevestigde regering onmoontlik maak nie, maar terselfdertyd ook alle hoop op ordeskepping uitskakel.

### ENGELAND VRA BROOD

In die Amerikaanse Raad van Verteenwoordigers het 'n lid uitgeroep: „Die Britte dink skynbaar dat die wêreld 'n bestaan aan Brittanje verskuldig is en dat die Amerikaanse belastingbetalers hulle skuld moet betaal". Harold Knutson, 'n ander lid, het gevra: „Dink my kollegas nie ook dat dit darem erg astrant is vir 'n land wat ons reeds met 6,500 miljoen dollar (ongeveer £1375 miljoen) geruk het, en in die oorlog 29,500 miljoen dollar se bruikleenhulp ontvang het, om nou hiernatoe te kom en te vra dat ons hom moet vertrou nie?"

Dit toon die gees waarin die Amerikaners die Engelse se noodkrete ontvang. Dit skyn asof Engeland bankrot is en by Amerika vir brood moet bedel. En verwytend snou die Amerikaanse oorwinnaar sy Engelse bondgenoot toe: „Besef julle dat die V.S.A. ook bedreig word deur 'n eersterangse gevaar van werkloosheid?" Dat hierdie vraag nie ydel is nie, getuig die jongste persberigte oor arbeidersmoeilikhede in die V.S.A.

### WERKLOOSHEID IN V.S.A.

Ongeveer 220,000 werkers sit vandag sonder werk in daardie groot land weens arbeidsgeskille. Nog 335,000 in die motorbedryf alleen dreig om tot staking oor te gaan. Tussen twee en drie miljoen werkers is alreeds werkloos ten gevolge van die opsegging van oorlogskontrakte. President Harry S. Truman het aangekondig dat hy gaan ingryp in die huidige arbeidsgeskille ten einde te verhoed dat dit tot 'n nasionale ramp ontwikkel.

Waar lê dan die knoop as oorwonnene en oorwinnaar ewe vernietigend verslaan uit die oorlog tree? Wie is dan die oorwinnaar?

In hierdie verband is dit belangwekkend om te let op die verklaring van Philip Murray, hoof van die Verenigde Staalwerkersbond in die V.S.A. Hy beweer dat gedurende die vyf jaar van oorlogsproduksie die staalbedryf die Amerikaanse volk meer as £500,000,000 laat betaal het aan „openlike en verborge winste". Dit wil dus voorkom dat nieteenstaande al die oorlogvoerende volke verloor het, die kapitaliste tog hul houvas op die volke heelwat verstewig het.

### 'N NUWE BEGIN

As die volke van die wêreld 'n na-oorlogse tydperk wil intree, wat anders as die tydperk wat gevolg het op die vrede van Versailles, gekenmerk sal word deur bestaansveiligheid en voorspoed, instede van stakings, werkloosheid en ellende, dan moet die stryd teen die kapitalistiese stelsel aangeknoop word; dan moet die sosialistiese leuse van: een vir almal, en almal vir een, aanvaar word, en die kapitalistiese leuse van: almal vir die kapitalis en die kapitalis vir homself, oorboord gegooi word.

Dit is duidelik dat die wêreld nie kan hervat waar hy voor hierdie oorlog gelos het nie. 'n Nuwe begin moet gemaak word. In Suid-Afrika ook.

### S.A. SE PROBLEEMSKULD

In ons eie land skuif die regering nog maar steeds die werklikheid op die toekoms af.

Die probleem van volle indiensneming en die behoefte aan totale volksversorging, in dié sin dat elke volkslid 'n huis, kos en klere kan bekom, bly vir die regering steeds net skemas op papier. Vir 'n groeiende aantal mense, egter, en vir teruggekeerde soldate onder andere, word hierdie probleem en behoefte steeds meer en meer aktueel; soveel so dat dit reeds alle ander probleme van die huisgesin oorheers.

Met die regering se onafgeloste probleemskuld en die volk se toenemende ontevredenheid daaroor, as buffer tussen hulle en die volk se regmatige afsku word die kommuniste in ons land steeds astranter, tot so'n mate dat hulle selfs al openlike botsings in die strate van ons land waag.

Ten spyte van dit alles berus die Afrikanervolk in sy verdeeldheid.

Die tyd is ryp vir eenheid. Die werk is daar. Die volk moet opnuut begin bou aan 'n veilige toekoms vir hom.

# Om 100 Miljoen Mense te Red

*'n Verslag wat deur die Amerikaanse regering opgestel en openbaar gemaak is, lui dat tussen tien en twaalf miljoen ton voedsel nodig is om die verminderde voorrade aan te vul as 100 miljoen mense in die bevryde gebiede van Europa van ondervoeding, lyding en siekte gevrywaar moet word.*

*Hierby word uitdruklik verklaar dat die genoemde hoeveelheid voedsel nie die Europese BEHOEFTE sal bevredig nie; maar dit sal tog help om miljoene mense in bevryde Europa van verhongering en 'n hongerdood te red.*

# Adj.-K.G. In Hopefield

Die kommando van Hopefield het verlede Woensdagaand die eer gehad om die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, in hul midde te hê.

Hy het verklaar dat hy laaste onder leiding van wyle genl. Manie Maritz deur Hopefield getrek het. Daarna het hy vir die gehoor verduidelik wat die strewe van die Ossewabrandwag is.

Hy het gesê: Die staat en die volk is nie meer een nie. Die volk is verdeeld op grondslag van partyskap. Ons het mekaar leer haat onder die partystelsel.

Die O.B. het nog altyd dieselfde pleidooi gelewer: „Moenie vir jou mede-Afrikaner vra wat hy gister was nie, of watter baadjie hy gister aangehad het nie, maar kyk na die Afrikanerhart wat onder daardie baadjie klop". Dit is die hervorming wat die O.B. teweeg wil bring.


Die O.B. aanvaar die feit dat die graanboere alleen weet wat hulle behoeftes is; waarom moet hulle dan deur 'n advokaat verteenwoordig word? Die O.B. wil hê dat die beroepe verteenwoordig moet word. Hy glo in 'n geen-party-stelsel.

Na die Adjunk-K.G. se besielende toespraak het almal op aandag gekom en is „Die Stem van Suid-Afrika" gesing.

Die vergadering is op die plaas Klipfontein van kommandant J. du Toit gehou. O.B.-vlae het die vergadersaal versier.

Na afloop van die verrigtinge, wat deur Hoof-komdt. D. J. Kotzé van Moorreesburg met gebed geopen is, is daar verversings bedien en die gehoor het O.B.-liedere met klavierbegeleiding gesing. Die vergadering was bo verwagting goed bygewoon. —(Ingestuur).

Genl. Smith het ook vergaderings op Aurora en Velddrift toegespreek. Hy het oral geesdriftige O.B.-lede teengekom en sy besoek was 'n inspirasie vir offisier en manskap om weer skouer aan die wiel te sit vir die stryd wat voorlê.

Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK.
Posbus 3180 — KAAPSTAD

Die Ossewabrandwag soek die bestaan van elke lid van die volk te beveilig.

Die Ossewabrandwag is die enigste doeltreffende teenvoeter vir die Kommunisme in Suid-Afrika: enersyds vanweë sy stryd-bereidheid en andersyds vanweë sy volksorgideaal.

A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

BLOEMFONTEIN — PRETORIA

130 Takke

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.

Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P

*BEGRAFNISVERENIGING*

'n Klein Maandelikse Premie dek die hele Familie.

Die Lykbesorger in u dorp is ons agent.

DIE SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE VAN BEGRAFNISVERSEKERINGS-VERENIGINGS BEPERK. ... ... ... ...

(Geregistreer onder die Versekeringswet)

82 Beckettsgebou, Presidentstraat 67, h/v. Harrisonstraat,

JOHANNESBURG.

MARKAGENTSKAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

# BOEREJEUG SKEURKALENDER

## AUGUSTUS

Ter nagedagtenis van Kommandant Louw Wepener.

Louw Wepener is 'n held van ons volk wat genoem kan word. Hy was 'n Vrystater in die tyd toe president Brand nog president van die Vrystaat was. In die jaar 1865 het die Vrystaat baie moeilikheid met Mosjesj en sy Basoeto's gehad.

'n Kommando word toe bymekaar geroep om die Basoeto's te gaan straf. Die kommando word onder aanvoering van kommandant Louw Wepener geplaas.

Op die 15de Augustus word hul eerste aanval geloods teen Thaba Bosigo, maar toe hy die laaste stelling wou verower, word hy dodelik gewond. Hy het die heldedood gesterf, en daar is weer 'n nuwe roemryke blad in ons geskiedenis. En nou betreur die Vrystaat die dood van 'n dapper en bekwame kommandant.

Laat die ander nasies maar roem op hulle helde, as ons maar net vir Wepener kan noem, dan is ons nie skaam nie. Al moet ons so dikwels bloos vir ons nasie, denk maar net aan Wepener en wees getroos. — (Pieter van der Walt, Slangrivierdrift, Elliot, K.P., verjaardag 15 Augustus).

Ek verjaar op die 18de Augustus. Op die 19de Aug. is P. J. Fourie, J. van Rensburg en L. F. S. Pfeiffer tereggestel op Graaff-Reinet. Op die 17de Aug. het daar 13 sogenoemde rebelle op die Kerkplein verskyn, om hul vonnis aan te hoor. Onder dié dertien was die drie bogenoemdes.

Op die 26ste Aug. 1901 is Daniel Olwagen en Ignatius Nel tereggestel op Graaff-Reinet. Ongelukkig het ek nie iets op my verjaarsdag gekry nie. Maar ek sou dink dat die maand Augustus vir ons as Boerejeugseuns en -dogters van groot betekenis is. — (Elizabeth M. J. Hanekom, Truter, Pk. Alheit).

Die stukkies vir Augustus moes onvermydelik 'n rukkie oorstaan. — (Red. Die O.B.)

—o—

## SEPTEMBER

Gerrit Marthinus Maritz, gebore in Graaff-Reinet, was die leier van 'n groep Voortrekkers na Thaba 'Nchu. Hy was 'n waardige leier wat probeer het om sy pligte getrou na te kom, maar in September 1838 was hy nie meer die lewenslustige man van vroeër nie. Hy was liggaamlik verswak, en kommer en sorg het sy toestand nog vererger. Op 3 Sept. vind ons hom ernstig siek en op 23 Sept. 1838 is hy in die ouderdom van 41 jaar en 6 maande oorlede.

Sarel Arnoldus Cilliers is op 7 Sept. 1801 op Schoongezicht in die distrik van Klein Drakenstein gebore. Hy en sy familie het hulle in 1836 by die trek van Andries Potgieter gevoeg. Hoewel hy as vegsman en leier baie beteken het, sal sy nagedagtenis veral as kerkman in ere gehou word. — (Johanna Burger, verjaardag 5 September).

Ek verjaar op die 3de September. Op die dag dat ek verjaar is bekend gemaak dat Hendrik Jan Veenstra, J. van Vuuren en F. Toy doodgeskiet moet word.

Op die 4de Sept. 1901 is hulle tereggestel op Colesberg. Op die 15de Sept. 1914 is generaal De la Rey doodgeskiet. As ek die geleentheid moet kry om verder oor die maand September te vertel, sal my brief te lank word. — (Maria M. Engelbrecht, Alheit).

—o—

Op die grens van Zoeloeland was twee streke forte, nl. Itala en Prospect. Hulle was op die grenspad van Vryheid en Dundee. Majoor Chapman het die bevel gevoer oor Itala. Sy krygsmag het bestaan uit 300 berede infanterie met 2 kanonne en 'n gewapende kaffermag. In die namiddag van 25 Sept. kry majoor Chapman van kafferspioene die berig dat die Boerekommando optrek na Itala. Daar was dus geen sprake dat die Boerekommando hulle onverwags kon aanval nie. Die Boere was onder aanvoering van Christiaan Botha, Opperman, Potgieter en Grobler. Die garnisoen was op alles voorberei en het die Boere in spanning afgewag. Teen middernag het die Boere die voorpunt van 80 man aangeval onder bevel van luitenants Lefory en Kane. Na 'n kort geveg was die koppie ingeneem. Daar het luitenant Kane gesneuwel as 'n held. Net 'n paar het ontsnap in die kreupelhout, maar voordat hulle die fort kon bereik, het die Boere dit al van twee kante aangeval.

Die Transvalers was maar 'n 500 man sonder kanonne. Hulle aanvoerder was die held Christiaan Botha. Die Engelse wat hulle verwag het, het hulself moedig verdedig. Die Boere het aangedruk tot hulle die swart in die oë van hul vyande kon sien, maar was nie in staat om die fort te vat nie. Na 'n sware en bittere stryd moes die Boere terugtrek. Dit was toe 4 uur in die more van 26 September 1901, en om 6 uur, toe die son uitkom, val die Boere hulle weer aan. Die hele dag is daar geveg, en toe die nag weer oor Itala neerdaal, het majoor Chapman geen verdere aanvalle afgewag nie, maar het hy die fort ontruim en al sy dooies en gewondes agtergelaat. — (Johannes Hendrikens de Jager, verjaardag 26 September).

# Verjaardagviering: K.G. en A.K.G. Paarlse Stadsaal

Die verjaardagviering van Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg en van die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, vind soos gebruiklik weer hierdie jaar in die Paarl plaas.

Die twee leiers sal op die aand van 3 November in die Paarlse stadsaal optree.

Offisiere en brandwagte word versoek om te let op die datum.

# Nuusflitse vir die Boerejeug

## STELLENBOSCH (JA3b1)

Die Boereseuns van Stellenbosch onder die leiding van Jeugveldkt. De Koker was vanjaar met die O.B.-dagfunksie vir 'n verrassing verantwoordelik wat seker lank in die geheue van die afdeling sal bly.

Weens die afwesigheid van 'n veldkornet in die afdeling, is daar gedurende die eerste ses maande van die jaar nie veel vir 8 Augustus gewerk nie. Nadat die eksamens egter agter die rug was, was daar slegs 14 dae oor om voorbereidings vir die funksie wat vir Fondsdag gehou sou word, te tref.

Maar die seuns het hulle nie op hulle laat wag nie. Hulle het gewerk, hout gesaag en akkers opgetel. Op 'n basaartafel kon die publiek van alles te koop kry: pragtige handwerk en selfs roomys het nie ontbreek nie. 'n Pragtige O.B.-wapen is o.a. uitgeloot en die wenner het dit goedgunstiglik weer aan die Boereseuns teruggeskenk. Al hierdie pogings het bygedra om die pragtige bedrag van £21 byeen te bring, byna dubbel die bedrag van verlede jaar.

## PAARL (JA3c6)

Ook in die Paarl het die Boerejeug, soos in die verlede die geval was, getoon dat ook hulle nie in die afgelope jaar die stryd gewonne gegee het nie. Deur samewerking en spangees is daarin geslaag om die pragtige bedrag van £60 vir O.B.-dag in te vorder.

Die Boerejeug, as 'n vertakking van die Ossewabrandwag, het andermaal hier getoon dat hulle die toekomstige jeugorganisasie van die Afrikanervolk is. Paarl sal ook sy deel bydra om ons jeugbeweging die Volksbeweging te maak!

## HEILBRON (JC7)

Maar ook in die Vrystaat is die Boerejeug aan die lewe, soos wel tydens die onlangse besoek van die K.G. met Fondsdag aan Heilbron, getoon is.

Die K.G. is net buite die dorp deur 'n aantal wagte te perd en 'n motorstoet ingewag. Die dames het daar 'n erewag gevorm.

Die Boerejeug onder leiding van Jeugkommandante A. S. Wolfaardt, het 'n netjiese erewag by die Stadsaal gevorm. Die K.G. was aangenaam verras met die mooi vertoning wat die 38 seuns en dogters gemaak het.

Nieteenstaande die feit dat die lede nog jonk is, is daar tog as gevolg van die ywer wat aan die dag gelê was, die mooi bedrag van £16.5.4 by die Jeugtafel ingevorder.

## NATAL (Gebied D)

Vanuit verskillende streke uit hierdie gebied is ook nuus van sukses met O.B.-dagfunksies gemeld.

So het die Boerejeug van Weenen, alhoewel die afdeling maar so pas gestig is, die mooi sommetjie van £22 ingesamel. Hierdie prestasie sal sekerlik in die toekoms gehandhaaf en selfs oortref word.

Ook die Boerejeug van Middelrus se harde arbeid is met die mooi bedraggie van £5.15.0 bekroon.

Die oproep van die kommandante van hierdie afdeling aan haar seuns en dogters is: Trap vas en hou koers. Volgende keer klim ons hoër!

BINNE 10 DAE

'N GESONDER MAN . . . .

BINNE 90 DAE


'N STERK MAN . . . .

of so nie betaal ek u lesgeld terug.

JOHAN HEFER

se duisende suksesse is

U WAARBORG



Seuns en jong mans verlang

MOOI SPIERE en

REUSE KRAG . . . .

Bejaarde mans verlang

BLYWENDE GESONDHEID

JOHAN HEFER voorsien in altwee.

Ontvang u kursusse deur die pos en oefen in u slaapkamer, sonder dat enigeen daarvan weet.

Billike pryse. Maklike terme.

Skryf vandag of vul die Koepon in en pos dit aan:

JOHAN HEFER

Hefer-Instituut — Bus 3494, Kaapstad.

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

Naam ....................

Adres ....................

Ouderdom ....................

# BRIEF AAN MY DEMOKRATIESE VRIEND

## Partypolitiek 'n Vreemde Ding

Geagte Volksgenoot. — In die jongste tyd het jy baie moes verneem hoe eg Afrikaans ons parlementêre stelsel nou eintlik is en daar is selfs bewyse aangevoer dat die Boere in hul republieke naderhand tot partypolitiek sou verval het as dit nie was vir dit en vir dat en vir nog wat nie. Waar sulke gissings aangehaal word vir bewyse is dit nodig dat mens die werklike feite daarteenoor stel. Laat ons dus vandag 'n bietjie gesels oor die republikeinse manier van doen.

Een van die kenmerke van die partystelsel is dat dit 'n regeringsparty en 'n opposisieparty erken as amptelike masjinerie, vandaar die uitdrukking „amptelike opposisie" of „Sy Majesteit se opposisie". Dit werk dan so uit dat die sterkste party ALLEEN die regering saamstel, en dat alle ander bekwame kragte in die land wat buite hierdie party val, uitgesluit is van die bestuur van die land en maar net kritiek mag lewer — hulle praat dan ook van „die woestyn" waarin hulle moet verkeer solank hulle in opposisie is. Dit gebeur dus nooit onder hierdie stelsel dat 'n premier die leier van die opposisie sal vra om saam met hom in die kabinet of regering te dien nie — en onthou, nie alle opposisieleiers is onbekwaam nie. Logies geredeneer behoort die opposisie-leier, as alternatiewe Eerste Minister, eintlik die tweede bekwaamste man in die land te wees, d.w.s. as ons aanvaar dat die bekwaamste politikus juis die bekwaamste burger is — iets wat ek vir geen oomblik wil beweer nie. Inteendeel. Maar van hulle oogpunt beskou, behoort dit so te wees.

### IN TRANSVAAL

Laat ons nou kyk wie die opposisieleier in die Transvaal was. Die politici sal beweer dat genl. Piet Joubert dit was omdat hy gewoonlik teen Oom Paul gestaan het vir die presidentskap. Maar nou vind ek niks in die geskiedenisboeke van so 'n opposisieleier in die Transvaalse Volksraad nie. Inteendeel lees ek dat genl. Joubert saam met Oom Paul in die Uitvoerende Komitee (of kabinet) gesit het as Kommandant-generaal (of Minister van Justisie — om 'n hedendaagse term te gebruik).

Stel jou voor dat genl. Smuts dr. Malan in sy kabinet opneem — dit sal 'n ketting van „skakelstories" afgee!

Ek lees verder dat uitlanders verskeie pogings aangewend het om politieke partye in die lewe te roep, maar dat dit geen inslag kon vind by die Boerevolk nie. So skryf die historikus J. F. van Oordt o.a. as volg hieroor:

„Nu aan de kant van de Nationale Unie (die uitlanders se organisasie) zoveel gepraat en geraasd werd, meenden zekere sectien der burgers dat ook van hunne kant politieke vereenigingen moesten worden opgericht, en zoo kwam eerst de Volksvereeniging tot stand, die later ineensmolt met de in Heidelberg opgerichte vereeniging, de Burgermacht. Het is niet nodig veel over die vereenigingen te zeggen. Haar doel zowel as hare constituties waren ongetwyfeld goed genoeg, DOCH EERSTENS WAS HET GEHEEL IN STRYD MET DE DENKBEELDEN VAN PAUL KRUGER, DIE ER GEEN HEIL IN ZAG, EN ALLEEN VREESDEN DAT ZY SCHEURING ONDER HET VOLK ZOUDEN VEROORZAKEN, en tweedens was het tegen den aard der Transvalers om zich met politieke kuiperyen te bemoeien; en hoewel eenige stedelingen de vereeniging aan de gang hielden, stelden de kern en kracht der bevolking, de Boeren, er maar weinig belang in."

### TWEE STOELE

Ook dr. Albert Coetzee in sy werk „Politieke Groeperinge" toon aan dat die Boere self geen partye gestig het nie omdat hulle die staat beskou het as hul politieke organisasie. 'n Mens het mos nie 'n stoel nodig om op 'n ander stoel te sit nie! Maar die partypolitiek maak van die staat 'n soort preekstoel waarbinne daar plek is vir nog een of meer stoele. Dit wil ons nie; een stoel is vir 'n Boer genoeg; anders probeer mens naderhand op twee stoele tegelyk sit, en jy val tussen hulle deur — en dit is wat in die partypolitiek gewoonlik gebeur.

'n Ander kenmerk van die partypolitiek is dat jy jou teenstander moet beveg met alle mag en middele. So was dit nie in die Boere-republieke nie. Pres. Kruger het nie homself aangekondig as kandidaat wat teen Oom Piet Joubert sou staan en dan die hele wêreld beweeg en aangery na die stembus om vir hom te stem nie. Nee, hy het self sy teenstander genomineer. So by voorbeeld het hy in 1888 die volgende verklaring gedoen toe hom gevra is om as kandidaat vir die presidentskap te staan:

### „LAND EN VOLK"

„Ik heb zelf eene requisitie opgemaakt en onderteekend aan den H.Ed. Heer P. J. Joubert, onzen Kommandant-Generaal, en ik vertrouw, wanneer het my gelukt de meerderheid van stemmen op hom vereenigd te krygen en hy dus gekozen word als President, dat gy alsdan u zult onderwerpen en samen met my hem getrouw zult bystaan tot bloei en welvaart van ons land en volk."

Die welvaart van land en volk het by hierdie ou Boere baie swaarder geweeg as 'n pos in die staat! Hoe lyk dit vandag met ons politici!

In sy boek oor pres. Steyn skryf dr. N. J. van der Merwe dat volgens wet in die Vrystaat vereis was dat 'n kandidaat sy beleid in die staatskoerant moes aankondig. „Dit was nie die gewoonte vir so 'n kandidaat om die land deur te reis en oral deur toesprake stemme te werf nie. Fraser was die eerste en enigste wat dit gedoen het. Hierdie handelwyse het ook veel kritiek teen hom uitgelok." Toe volgelinge van pres. Steyn onrustig geword en aangedring het dat hy Fraser se voorbeeld moet volg, was sy antwoord: „Die betrekking moet my soek; ek soek nie die betrekking nie."

Toe het ons nog staatsmanne en volksmanne gehad. Vandag is die volksmanne uit die politiek gestoot deur beroepspolitici wat veg en tier om 'n ou possie in die staat!

---

As u op 'n partyfront veg, veg u teen u mede-Afrikaner; as u op die Volksfront veg, veg u teen die vyande van u volk.




### VERJAARDAGKETTING

27 SEPTEMBER: Richard Wheeler, Bethlehem; Louise Hattingh, Rawsonville; Nelie Ras, Rustenburg; S. E. Oeschger, Koedoeskop; M. J. Oeschger, Koedoeskop; Pierre de Vos, Beaufort-Wes; Emma Deysel, Pearston; Christina Blom, Merweville; Jurie Gouws, Prins Albert; Thomas Latsky, Carnarvon; Hettie Marais, Kakamas; Jacobus de Klerk, Wilgenhoutsdrift.

28 SEPTEMBER: Willem Pretorius, Frankfort; Sarel van der Walt, Beauty; G. J. C. Botes, Maricodraai; Gustave Gerber, George; Hennie Laubser, Noorder-Paarl; Helena Kriel, Mosselbaai; Rudolf Viviers, Wilgenhoutsdrift; Esme Riedeman, Carnarvon; Ada van Niekerk, Golden Valley; Jakoba van Eck, Port Elizabeth; W. Kaarsten, Bellville; Johannes Marais, Bulwater; Maria van Vuuren, Kirkwood.

29 SEPTEMBER: George Malherbe, Roelofskamp; Susanna van der Merwe, Middelburg; C. J. H. Kruger, Mamagalieskraal; Danie Geldenhuys, Stellenbosch; Maria Marais, Port Elizabeth; Josias Victor, Wynberg; Susanna Kitshoff, Woodstock; Gerhardus Visagie, Witkop; Willem Visagie, Witkop; Ida Neethling, Woodstock; Petrus van der Westhuizen, Maribogo; M. Holthuizen, Maribogo; H. J. Lamprecht, Oudtshoorn; Hendrik Boshoff, Wilgenhoutsdrift.

30 SEPTEMBER: Hendrik Pretorius, Frankfort; Susara Rohrbeck, Kalkbank; P. J. Schutte, Kayasespruit; Vida Baambach, Zwartruggens; Dina Nortjé, Koster; Maria de Koker, Bulwater; Delila Smith, Malmesbury; Jacoba Erasmus, Merweville; Sanneta Duvaan, Grootdrink; Coenraad van Greunen, Kirkwood; P. J. de Villiers, Paviesvlei; Ella Bergh, Aughrabies; Ulrich Fischer, Kuilsrivier; Ernest van der Merwe, Paarl; H. Bronner, Maribogo.

1 OKTOBER: Sarel Cloete, Bethlehem; Sagryja Eloff, Boshoek; Francietta Smit, Witkop; Hester Rossouw, Ashton.

2 OKTOBER: Petronella Fourie, Wesselsbron; Abraham Herbst, Hoewal; Susara Coetzee, Bosbokrand; Anna van Wyk, Boekenhoutsfontein; Willem van der Merwe, Gilead; Franscois Frohlich, Stellenbosch; C. Schmidt, Stellenbosch; Jopie van Ryswyk, Stellenbosch; Johanna Steyn, Karreedouw; Hilmar Venter, Tarkastad; Roberts Pio, Groot-Brakrivier; Cornelius van Huyssteen, Port Elizabeth; Johannes Folscher, Marchand.

3 OKTOBER: Stephanus Venter, Schuinsdrif; Wynand Janse van Vuuren, Brits; Hendrika Roux, Mamagalieskraal; Aletta van der Schuff, Port Elizabeth; A. J. de Lange, Somerset-Oos; Maritha Retief, Wellington; Christina Nel, Wilgenhoutsdrif; Elna Kruger, Paarl; Elsa Goosen, Ceres; Maria Burger, Maribogo; Susara Visser, Marchand.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Beperk

MOREMARK (Posbus 7185) NEWTOWN

*'N MOOI LEERSAK is baie belangrik by u uitrusting. Kry dit by*

Steyns

Die Dames-Winkel

PAROW

### Hotelbestuurder

Aansoeke word ingewag vir die betrekking van Hotelbestuurder vir die Queens Hotel te Bloemfontein. Ten volle gelisensieer, 64 slaapkamers, deur 'n Afrikaanse Maatskappy oorgeneem te word. Baie goeie vooruitsigte vir die regte persoon. Diens aanvaar te word op 1 November 1945 of so gou moontlik daarna. Stuur afskrifte van getuigskrifte en meld salaris verlang en ondervinding.

J. G. KRIEK EN KIE.,
Sekretarisse.

Posbus 299.
Bloemfontein.

*Is U Al een van die 1,473 Aandeelhouers van Perskor?*

*Deur reeds £28,850 in Perskor-aandele te belê, het die publiek sy geloof en vertroue in ons Pers-onderneming bevestig.*

*Op 115,400 aandele van 5/- elk is vanaf Mei 1945 ingeskryf.*

*NUWE RIGTING IN ONS PERSWESE vir verkondiging van NASIONALE EENHEID EN SOSIALE VOLKSORG en verdediging van CHRISTELIKE BLANKE BESKAWING.*

Pers-Beleggingskorporasie Bpk.

Groote Kerkgebou 701 — Posbus 1411 — KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 26 SEPT. 1945.

# Volksfront Teen Kommunisme?

In die stadsaal van Johannesburg het dr. D. F. Malan na aanleiding van die georganiseerde wanordelikheid tydens die sitting van die kongres van die H.N.P. aldaar aangekondig: „Ons aanvaar die uitdaging van die Kommuniste". Om te antwoord op die vraag of hy dit in alle erns bedoel, waarop ons gretiglik „ja" sal wil sê, moet ons die volgende in herinnering roep.

Reeds op 26 Februarie van hierdie jaar het die Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag die soveelste poging aangewend om die volk te verenig in sy stryd teen gevare wat dreig. By name is in hierdie beroep, wat ook op dr. Malan gedoen is, „die dreigende kommunisme, met sy lewensgevaarlike implikasies vir die hele blanke ras in ons vaderland" genoem. Dr. Malan het egter nie gehoor gegee nie.

**Hy het verkies dat die stryd teen Kommunisme meestens 'n partystryd op parlementêre terrein moet wees, nie 'n alles-mobiliserende volkstryd binne en buite die Parlement nie. Dit hoewel die Ossewabrandwag enersyds buite die Parlement met sy landswye ketting van by die duisend kommando's die voorneme om te veg in die lewende daad kan omskep en andersyds binne die Parlement wil meehelp met die daarstelling van 'n doeltreffende verteenwoordiging vir die volk, nie vir 'n party nie.**

Die O.B. wou 'n volkstryd teen kommunisme; die Herenigde Nasionale Party het verkies 'n partystryd teen daardie groot deel van die volk binne die O.B., wat reeds verwyder is uit die partygeledere.

## IS DIT ERNS?

Is dit die H.N.P. tans eindelik erns om die kommunisme met alle volkskragte te beveg? Of is dit slegs 'n propagandakreet wat vir die insameling van partykruisies aangehef word? Ons stel die vraag met diepe erns, nie alleen namens hulle wat kragtens partybevel geen tuiste mag vind binne die H.N.P. nie, maar ook namens diegene wat daarvan oortuig is dat bloot partypolitieke stryd, beide in omvang, aangesien dit slegs 'n brokstuk van die volk omsluit, en in metode, aangesien dit uitsluitlik die parlementêre middels moet aanwend, tekortskiet.

Tewens blyk hierdie besef van die ontoereikendheid van suiwer parlementêre middels uit die H.N.P. se eie optrede. Berigte in die Nasionale Pers deel ons mee dat met die oproer om die stadsaal te Johannesburg 'n „woordvoerder van die Party" verwys het „na die teenwoordigheid van die Nasionale Jeugbond, van wie baie kort stokke by hulle gehad het".

Toe egter in Meimaand deur ons Kommandant-Generaal gepraat is van die stigting van afweergroepe teen die kommunisme, is dit bestempel as histeriese paniekerigheid. In die verlede het die buite-parlementêre optrede van die O.B. die geboue van die Nasionale Pers ten beste beskerm; en tans weer het die H.N.P. die buiteparlementêre optrede van die O.B. nodig gehad, soos blyk uit die feit dat die kongres verdaag moes word weens gebrek aan beskerming teen die grommende kommuniste voor die deure. Ook die Jeugbond was nie voldoende om die terugtog te verhoed nie. Des te noodsaakliker is dit waar **volksbelange** op die spel is dat die O.B.-kragte sal meehelp om gevare af te weer.

**Die vraag dring homself op: verkies die H.N.P. om te vlug vir die kommuniste, liewer as om saam te werk met die O.B. om die volk te beskerm?**

## VOLKSORG NODIG

Nie alleen deur daadwerklike afweer en volksorganisering nie, maar ook deur positiewe volksorg wat die drang tot kommunisme uitskakel, wil ook die O.B. optree. „Volksversorging" is ook nou deur adv. J. G. Strydom as weermiddel teen die kommunisme voorgehou. Dit is verblydend, want lang reeds dring die O.B. luidkeels aan op volksorg; trouens die O.B. leef die ideaal van: ek is my broer se hoeder, daagliks uit. Juis daarom roep die O.B. aanhoudend: Werk saam in 'n volksfront, want geen groot volksdaad kan deur 'n partyregering verrig word nie. Daarvan getuig die verlede.

## SLUIT DIE GELEDERE

**In hierdie uur van hernude aanslae van kommunisme, staan die hand van O.B.-vriendskap steeds uitgestrek. In 'n volksfront kan die volk saamveg, homself verweer teen kommunisme en versorg vir die toekoms. As dit die H.N. Party erns is met die stryd van die volk teen kommunisme, glo ons dat hulle mede-stryders teen medevyande sal verwelkom. Anders moet ons glo dat nogmaals partybelang swaarder weeg as die redding van die volk.**

**Die Ossewabrandwag weier konsekwent om 'n vyand in 'n mede-Afrikaner te sien.**

*Nuwe Boeke*

# Geregtigheid as Grondslag Vir Rasseverhoudings

**'n Tuiste vir die Nageslag, deur dr. G. Cronjé. Uitgegee en versprei deur Publicité-Handelsreklamediens. Prys 12/6 (of 14/6 vir harde band).**

Segregasie as oplossing vir ons naturelle-vraagstuk is in die partypolitiek, waar dit verkondig word in 'n poging om stemme van blanke kiesers te vang, terwyl die naturel oor die algemeen geen stemme het om na te vry nie, baie vertroebel. Daar was steeds die eensydige beklemtoning van die noodsaaklikheid dat die blanke gevrywaar moet word teen naturelle-indringing op politieke en ekonomiese gebied. Dit het agitators onder die nie-blankes 'n ryke oes verskaf om die verhouding tussen die rasse te versteur, en het noodwendig ook gebots met ons Christelike gewete. Nou kom 'n wetenskaplike in die persoon van dr. Cronjé met 'n werk waarin hy 'n breë uiteensetting gee van ons rasseverhoudings en die moontlike oplossing van die vraagstukke in verband daarmee.

Hy benader die hele saak vanuit die Calvinisties-Christelike opvatting dat rasse en volke deur die Skepper vir 'n bepaalde roeping op aarde geplaas is en dat die onbesoedelde voortbestaan van die afsonderlike rasse dus gehandhaaf en beskerm moet word. **Hierdie beskerming geld nie net vir die blanke nie, maar ook vir die naturel.** Die skrywer voer wetenskaplike getuienis aan om te bewys dat bloedvermenging 'n skending is van die natuur wat gewreek word. Dit is daarom sowel Christelik as wetenskaplik dat die afsonderlike voortbestaan van die rasse gewaarborg moet word. Hierdie voortbestaan kan egter nie verseker word solank die rasse op gelyke voet met mekaar vryelik assosieer nie. Nie alleen hou so'n deurmekaar lewe die gevaar vir die blanke in dat sy onderste lae met die nie-blankes sal uitbaster nie, maar dit bring ook 'n proses van ontstamming en denasionalisering aan die kant van die naturel mee. **Die naturel het 'n eie kultuur wat in baie opsigte voortreflik en mooi is. Dit dra by tot die rykdom van ons land, maar hierdie kultuur is vandag besig om te verdwyn as gevolg van die gelykstellingsbeleid van die liberalisme wat van die naturel 'n swart Europeaan wil maak.**

## GESONDE VERHOUDING

Die skrywer wys met aanhalings ook uit Engelse geskrifte hoe die suiwere beleid van die Boer in die verlede hierdie beginsel van aparte ontwikkeling nagestreef het, en nooit bedoel was om die nie-blanke te onderdruk nie. Vandaar die goeie verhouding wat bestaan het tussen die boer en sy werkvolk, waar baie voorbeelde aangehaal kan word hoe werkvolk hul lewe lank in diens van een Boer gebly het ondanks die beweerde „mishandeling". **Die Boere-beleid was gegrond op geregtigheid, en die naturel het dit aangevoel, en was gelukkig. Hierdie gelukkige verhouding is egter deur uitlanders versteur wat in werklikheid geen liefde vir die naturel het nie, maar hom wil uitbuit vir geldelike of politieke voordeel.**

Die enigste beleid wat die blanke sowel as die nie-blanke in staat sal stel om homself ten volle uit te leef en tot die hoogste punt van selfverwesenliking te kom, is dat hulle in afsonderlike gebiede geskei moet word. En in hierdie verband rus die verantwoordelikheid ook op die blanke om die naturel te lei op daardie pad van selfontwikkeling.

## POLITICI

In hierdie opsig verskil die beleid wat dr. Cronjé bepleit van die partypolitieke opvatting van segregasie, wat terugdeins vir volledige skeiding tussen die rasse. Die politici meen dat die naturel binne die blanke staat geskei moet word deur by voorbeeld hom net sekere soorte werk toe te laat. Dat hierdie „oplossing" nooit duursaam kan wees nie, maar 'n vrugbare aarde sal skep vir agitasie en onrus, omdat dit die naturel se ontwikkeling beperk, weeg by die politici op die oomblik ligter as die stemme van werkgewers wat nie graag van sogenaamde goedkoop naturelle-arbeid sal wil afsien nie.

Die metode van hoe hierdie beleid van skeiding deurgevoer behoort te word, word ook in breë trekke deur die skrywer behandel. **In verband daarmee toon hy ook aan hoe die idee dat naturelle-arbeid juis goedkoper is as blanke arbeid, in baie opsigte nie gehandhaaf kan word nie.**

Die posisie van die kleurlinge word ook breedvoerig behandel, en ook hier meen die skrywer dat algehele skeiding die beste oplossing sal wees, want dit sal die kleurling die geleentheid gee om 'n eie volkskarakter te ontwikkel, en sodoende 'n eie roeping te vervul. Dit sal ook verhoed dat die kleurlinge geleidelik in die blanke stroom opgeneem word tot skade van die blanke suiwerheid.

Die boek kan by ons lesers ten sterkste aanbeveel word, want dit behandel op baie interessante wyse 'n vraagstuk waarvan die toekoms van ons nageslag afhang. Vir O.B.-lede veral behoort dit 'n aansporing te wees om te weet dat dr. Cronjé ook lid van die Grootraad is.

# HELDEDAG

word deur **DIE OSSEWABRANDWAG** gevier

in die

**HOFMEYRSAAL — KAAPSTAD**

## op Woensdag, 10 Oktober 1945

om 8 n.m.

**„MAGRIETHA PRINSLOO"**

word deur die

**Remskoen-Toneelvereniging**

opgevoer.

Kort toespraak deur Dr. P. J. COERTZE.

ALMAL WELKOM!

# Samesnoering van Produsent en Verbruiker

## Nuwe Beginsel t.o.v. Ko-operasie Gevra

Op sy jongste kongres het die Vrystaatse Landbou-unie hom uitgespreek ten gunste van 'n verbeterde Koöperasiewet, wat dit moontlik sal maak vir produsente en verbruikers om saam te werk in een koöperatiewe onderneming.

Hierdie strewe het noodsaaklik geword omdat partyregerings in die verlede wette op die wetboek geplaas het wat die kapitalistiese stelsel moes beskerm teen samewerking van die volk op ekonomiese gebied.

Die Koöperasiewet laat toe dat produsente hulleself koöpereer, maar vereis terselfdertyd dat hulle hul produk op die ope mark aan die distribusiehandel moet verkoop. Insgelyks laat die Koöperasiewet toe dat verbruikers hulself koöpereer, maar vereis ook weer dat hulle hul benodigdhede van die distribusiehandel moet aankoop. Die Koöperasiewet belet dat die produsent en die verbruiker hulself kan koöpereer in 'n onderneming aan wie die produsent sy produkte kan lewer en van wie die verbruiker direk kan koop. Dit is hierteen wat die Vrystaatse boere nou beswaar opper.

### GERESERVEERDE JAGVELDE

Nie alleen het die partystelsel die volk op politieke gebied verdeel en die brokstukke in politieke partye afgehok nie, maar ook op ekonomiese gebied het hy die volk afgekamp in gereserveerde jagvelde vir die uitbuitende kapitalisme.

Die Ossewabrandwag se beswaar teen die huidige stelsel is juis dat hy die volk op politieke en ekonomiese gebied verbrokkel en dat die netto resultaat daarvan is dat politieke partye en kapitalistiese ondernemings soos parasiete teer en leef op 'n verdeelde en gevolglik magtelose volk.

Vir die Ossewabrandwag is die volk 'n politieke en 'n ekonomiese eenheid, en hierdie eenheid wil die O.B. graag vasgelê sien in 'n nasionale raad, wat sal bestaan uit volksverteenwoordigers (nie party-agente nie) sowel as in 'n ekonomiese raad wat sal bestaan uit beroepsverteenwoordigers — mense wat hul nerings in die bestuur van die land sal verteenwoordig.

### BUITENSPORIGE PRYSE

Mnr. Visser, voorsitter van die Vrystaatse Landbou-unie, het in die pers verklaar dat geen kongres van boere verbygaan sonder dat besorgdheid uitgespreek word oor die buitensporige pryse wat verbruikers tans moet betaal — en in die verlede moes betaal — vir landbouprodukte waarvoor die boeregemeenskap na verhouding onlonende pryse ontvang nie. Mnr. Visser verklaar voorts: „Die produsente besef ten volle dat hulle die verbruikers nie kan en moet vervreem nie. Ons is onderling van mekaar afhanklik. Die boere kan alleen 'n bestaan vind as hulle in die behoefte van die verbruikers voorsien. Aan die ander kant is die boere ook verbruikers van die stedelinge se produkte, sodat ons belange in hoë mate saamvloei".

Wat mnr. Visser hier sê is ongetwyfeld waar en die doel wat hy en sy Unie nastreef, is seer sekerlik lofwaardig.


Dit is trouens die strewe van die Ossewabrandwag.

### VERANDERING VAN STELSEL

Hierdie strewe kan nie deur politieke partye, wat poog om hulself aan bewind te plaas, verwesenlik word nie. Dit kan alleen bereik word as die hele volk homself op alle terreine mobiliseer om die bestaande stelsel omver te werp en die nuwe broodnodige bedeling daar te stel. Die Ossewabrandwag stry nie om homself aan bewind te plaas nie — hy stry om 'n regeringstelsel aanvaar te kry wat die teuels van bewind in die hande van die volk en by name ook in die hande van die georganiseerde beroepe van die volk sal plaas. In hierdie stryd soek die O.B. bondgenote en hy verwag kragtige hulp van die bestaande beroepsorganisasies in ons land.

Almal is dit eens dat soos dinge vandag aangaan, durf dit nie voortduur nie. Hieroor verskil mense nie. Die vraag is net of sake reggemaak kan word deur een partyregering te vervang met 'n ander een. Moet mens nie dieper delf nie? Indien wel, dan moet die kapitalistiese partystelsel gaan, saam met die huidige regering.

# POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



Mnr. MARX.

Hy is gearresteer onder Noodregulasies op 23 Januarie 1942. Op 11 Maart 1942 is hy weens hoogverraad aangekla. Die aanklag is later teruggetrek en hy is geïnterneer op 4 September 1942. Op 5 Desember 1944 is hy uitgelaat op plaasparool. Tans is hy weer werksaam.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".

# REISPLAN A.K.G

GENL. J. A. SMITH

sal ook die volgende Vergaderings toespreek:

GEORGE (te Crags)
om 10.30 vm. op 5 Oktober.

RUS-EN-VREDE
om 3.30 nm. op 6 Oktober.

# O.B.-DAG OP SOEKMEKAAR

Soekmekaar het op 14 deser O.B.-dag gevier, en nieteenstaande al die ellende met die vreeslike droogte hier in Noord-Transvaal en die baie siektegevalle onder ons lede, was die opkoms tog goed.

Genl. Neethling van Nylstroom het die vergadering op baie besielende wyse toegespreek.

Mense wat aan die ander kant staan en wat die toespraak van die Generaal gehoor het, het erken dat dit alles waar is, wat hy gesê het, veral t.o.v. die partypolitiek, in soverre dit net tweedrag en verdeeldheid saai.

'n Steen Boerseep wat deur kommandante N. Wessels uitgeloot is, het die som van £3 opgelewer. Die opbrengs van die funksie was altesaam £16 en enige sjielings. — (Ingestuur).

# Grootraadsitting

Die Sekretaris van die Grootraad deel mee dat die sitting van die Grootraad sal plaasvind op 8, 9 en 10 November, beginnende om 9 uur v.m. op Donderdag, 8 November, in die Raadsaal, Spoorbondkas-gebou, Johannesburg.

Sake vir die agenda moet die sekretaris, dr. P. J. Meyer, Posbus 5754, Johannesburg, bereik voor Maandag, 15 Oktober 1945.

Reëlings vir verblyf moet deur lede direk getref word met hoofkomdt. G. M. v. d. Walt, Posbus 5754, Johannesburg.

# Ware Volksorg

Weereens het 'n O.B.-kommando prakties die leuse van die Ossewabrandwag, „ek is my broer se hoeder", uitgeleef.

'n Kameraad wat hom na etlike jare in die interneringskamp te Lichtenburg bevind het, is deur die plaaslike kommando's, onder bevel van Kte. M. C. Steinmann en Kt. D. J. Steyn te hulp gekom.

'n Heel plaaslike beroep om hulp, het gelewer sowat £35, 'n vers, 30 hoenders sowel as twee henne met kuikens, eende, 'n paar skape, 14 donkies, 'n trekketting, mielies ens.

Hierdie oud-geïnterneerde is gehuisves, en wanneer hy werk vind, wat binnekort verwag word, dan is hy al spoedig weer op die been, en die tevredenheid wat daardie getroue brandwagte wat aan hierdie saak meegehelp het, sal smaak, is dat hulle 'n mede-Afrikaner van ondergang gered het. Hulle het gedoen wat Sap- en Nasionale regerings met staatsmag tot hul beskikking, in duisende gevalle nie gedoen het nie. — (Ingestuur).

# Organisasies Vir Noodleniging

In die Paarl, Stellenbosch en Port Elizabeth is reeds reëlings getref om eie organisasies in die lewe te roep om geld vir die noodlenigingsfonds vir België, Duitsland en Frankryk in te samel.

Die Sentrale Komitee doen nogmaals 'n dringende beroep op alle dorpe om so spoedig moontlik dieselfde te doen en met die sekretaresse, mev. B. Steytler, Albertweg 20, Tamboerskloof, Kaapstad, in verbinding te tree.

Lesers word verwys na die verklaring insake bostaande wat in Die O.B. van 19 Sept. verskyn het. — (Red. Die O.B.)


# MASJIENE WAT DREUN!

## Op Die Plaas

het hy en die dreuning van die dorsmasjien een geword, hy het dit in sy volle betekenis aanvaar, omdat hy die graan van die velde liefhet.

## Die Dreunende Dorsmasjien

deur

M. Steyn van Rooyen

8/3, posgeld 4d.

## In Die Stad

tussen die dreuning van die masjiene van die stadslewe speel hierdie verhaal. Jong Afrikaanse mense wat hulle soos Voortrekkers van 'n nuwe tyd, in die volheid van die stadslewe ingewerp het om dit hul eie te maak.

## Ons Bou 'n Stad

deur

Fritz Steyn

8/6, posgeld 6d.

*Nuwe Boeke:*

ROMANS:

- **Aan die end van die Laan**
  deur Aletta Steyn — 8/4 posvry
  Hierdie roman is bekroon as een van die twee beste liefdesromans wat Afr. Pers in sy romanwedstryd ontvang het.
- **Liefde Uitgetart**
  deur G. Lampen — 4/. posvry
- **Die Liefde Vergaan Nooit**
  F. Krause — 1/2 posvry
- **Die Lot van Martjie Selm**
  deur R. Hendriks — 1/2 posvry
- **Katrientjie**
  deur Stella Owen — 5/4 posvry
- **Die Geheime Grot**
  deur J. H. H. de Waal — 2/9 posvry

GESKIEDKUNDIG:

- **Kranskop, Deel I. Oupa**
  deur Jochem van Bruggen — 5/6 posvry
- **Kaapse Rebel**
  deur Adriaan Roodt — 9/. posvry

KINDERBOEK:

- **Heidi**
  deur Johanna Spyri — 7/4 posvry

# PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

Posbus 29

STELLENBOSCH

# SOOS ONS LESERS DIT SIEN

Afrikaner-moeder, Magaliesberg, skryf:

Ek sien die partypolitici skreeu al weer oor dr. Van Rensburg se pensioen. Hoekom raas hulle dan nie oor die £600 wat dr. Malan elke jaar trek uit die boedel van wyle regter F. W. Beyers nie? Dit lui dat hy dit kry op voorwaarde dat hy leier bly van die Nasionale Party en dat „die Nasionale Party voorbestaan as aparte politieke party en geen amalgamasie of samesmelting met enige ander party aangaan nie, en dat hy sy bestaande program en beginsels substansieel behou en huldig", volgens die verslag in Die Burger van 20 September 1938.

Nou weet ek nie eintlik wat ander daarvan dink nie, maar in my oë lyk dit meer na 'n omkoopprys as die pensioen van dr. Van Rensburg. Of is ek verkeerd?

## UITGESKOP

Mnr. F. J. D. Jacobs, P.K. Vischgat, skryf:

Ek wil u Kaaplandse lesers net graag verwittig van die feit dat die uitskop-beleid van die H.N.P. in Kaapland ook hier in Transvaal van toepassing is.

Op 18 Aug. jl. het adv. J. G. Strydom hier op Zandfontein 'n vergadering gehou. Daar is geen verslag gedoen van wat vir die volk gedoen is met die jongste parlementsitting en nog minder van wat mnr. Strydom vir Waterberg gedoen het nie — geen wonder dan ook dat as mens bekend is met toestande in ander distrikte, die vraag dan onwillekeurig by jou opkom of Waterberg-distrik werklik 'n deel van Transvaal is, want hy is ver agter op elke gebied. Mnr. Strydom het dan ook weer, soos in die verlede, na sy vergadering die sogenaamde Nasionaliste moes bymekaar roep om Zandfontein-tak te reorganiseer, want laas jaar se reorganisasie het glo misluk. Wel, ek het ook agtergebly, want ek is dan mos ook 'n Nasionalis en 'n lid van die tak. Die Voorsitter het my egter meegedeel dat ek omtrent al 'n jaar gelede geskrap is van die taklys.

Ek het toe die sakie onder adv. Strydom se aandag gebring, en sy antwoord was dat hy glad nie verbaas is dat sy dappere bestuur my geskrap het nie, want ek beveg dan die Party se beleid. Toe ek hom daarop wys dat ek dit doen terwille van Volkseenheid het hy gesê: „Ja, ek betwis dit nie."

Voorwaar, mnr. die Redakteur, dis dan vir my geen wonder nie dat dr. Karel Bremer in Kaapstad 'n beroep doen op die kleurlinge se hulp om sy party aan bewind te bring!

Die leiers van die H.N.P. sê: Bedank die O.B. en stem vir die party wat oor en oor sy mislukking bewys het. Die O.B.'s sê: Bly in jou party, maar steun die Ossewabrandwag wat bewys gelewer het dat hy in die Empire se donkerste tronkselle sy mede-Afrikaner nie verlaat het nie — ja selfs nie onder die skaduwee van die galg nie.

**Die Ossewabrandwag leef die Christelike beginsel van: Ek is my broer se hoeder, daagliks uit.**

**Die leuse van die Afrikaanse Volksbeweging is: Een vir Almal, en Almal vir Een.**


**BOERE!**

Om 'n sukses van u BOERDERY te maak, woon een of ander erkende LANDBOU-KOLLEGE by of word dadelik 'n student van B.K.K. en kry dieselfde diens by u huis deur middel van ons uitstekende KORRESPONDENSIE KURSUSSE in:

- **BEESBOERDERY** — £10 kontant (of £12 op terme)
- **BYEBOERDERY** — £5 kontant (of £7 op terme)
- **BOERDERY-BOEKHOU** — £5 kontant (of £7 op terme)
- **PLUIMVEE-BOERDERY** — £5 kontant (of £7 op terme)
- **SKAAP- EN WOLBOERDERY** — £5 kontant (of £7 op terme)
- **TABAKBOERDERY** — £5 kontant (of £7 op terme)
- **VARKBOERDERY** — £5 kontant (of £7 op terme)

**HUISVROU!**

Met B.K.K. se beroemde HUISHOUDKUNDE-KURSUS sal u Huishouding 'n plesier wees. — £5 kontant (of £7 op terme)

**DIENS!**

**As u eenmaal 'n lid is van een van B.K.K. se Departemente, bly u altyd 'n lid en ontvang u gratis die raad van DESKUNDIGES vir u besondere geval.**

Stuur dadelik u inskrywingsgeld aan:

**PRINSIPAAL**
**BOERDERY-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE**

POSBUS 180 STELLENBOSCH


# Kommuniste Dwing H.N.P. om Kongres te Verdaag

## Die Les: Bloed is Dikker as Water

Die gebeure wat verlede week ten aansien van die Herenigde Nasionale Party se kongres op Johannesburg plaasgevind het, het vir 'n oomblik die sluier gelig en op baie effektiewe wyse die kwaaie en venynige onderstrominge in ons landspolitiek in die openbaar blootgelê. Op aanskoulike wyse is aan die Afrikanervolk 'n les voorgedra, 'n les wat elke Afrikaner gerus ter harte kan neem.

### DIE AMPTELIKE OPPOSISIE

Die Herenigde Nasionale Party het kongres gaan hou op Johannesburg. Dit is gladnie snaaks nie, ook nie vermetel nie; inteendeel, dis heeltemal normaal en korrek vir 'n politieke party om kongres te hou in een of ander dorp of stad in ons land. **En dit dien onthou te word dat die Herenigde Nasionale Party Sy Majesteit se amptelike parlementêre opposisie is. In hierdie sin vervul die Party 'n grondwetlike funksie en is hy 'n onontbeerlike onderdeel van die parlementêre stelsel. In erkenning hiervan en ter uitvoering van sy partypolitieke taak, het Sy Majesteit se regering dan ook aan die H.N.P. 'n spesiale trein beskikbaar gestel vir die doeleindes van die kongres — die kongres wat ten spyte van die H.N.P. se voorsorgmaatreëls en die** regering se tegemoetkomendheid deur die kommunistiese vyfde kolonne in ons land verongeluk is.

Die feit dat die kommuniste juis die kongres van Sy Majesteit se opposisie uitgekies het vir molesmakery en geweldenary, beklemtoon en onderstreep die vermetelheid van hierdie mense.

### GEWELD

Die kommuniste en hul gesindes en genote het voor die deure van die kongressaal en in die strate saamgedrom en deur middel van oproer en geweld en dreigemente van vermeerderde geweld die H.N.P. gedwing om te kapituleer, in soverre die party sy kongresverrigtings 'n volle dag voor die bepaalde tyd moes afsluit (in die woorde van Die Burger) „met die oog op die veiligheid van die ou mense en die baie vroue-afgevaardigdes".

**Nieteenstaande dr. Malan die kommuniste toegeroep het: Ons aanvaar jul uitdaging! was sy party tog tot kapitulasie genoodsaak omdat selfs die polisie hom geen beskerming kon waarborg nie.**

Was dit nie so vernederend nie, sou mens kon gelag het vir hierdie debakel. Die leier van die Opposisie moet sy heldhaftige woorde sluk en die aftog blaas voor die raserige kommunistiese vyfde kolonne. Bowendien geskied sy vlug nog met die seën, ja, selfs op advies van die polisie-owerheid!

Mens herinner onwillekeurig die waarskuwing van die O.B.-leier, dr. J. F. J. van Rensburg, om geen doeltreffende optrede teen die kommuniste te verwag solank Colin Steyn, hoof-„vriend" van die kommuniste, Minister van Justisie is nie.

### AFRIKANERS HOORT BYMEKAAR

**Die koue werklikheid is dus dat Sy Majesteit se opposisie ten spyte van sy amptelike status, tog nie kon kongres hou op Johannesburg soos hy wou nie; en dat die polisie nie by magte was om hom te beskerm teen die misnoeë van die kommuniste en hul genote nie.**

Opvallend is dat in die berigte oor die Randse gebeure wat in die regeringsgesinde dagblaaie verskyn het, geen hartlike simpatie met die H.N.P. in hul verknorsing betuig word nie. Bowendien voel 'n mens 'n kwalik verborge soort leedvermaak aan. Eerder sou mens verwag dat demokrate mekaar se wonde sal lek, maar ten spyte van die H.N.P. se pogings om hom meer demokraties voor te stel as selfs die Verenigde Party, kry hy van sy mede-demokrate in sy uur van benoudheid niks broederskap nie; nie eers 'n felle veroordeling van diegene wat hom so knou nie.

**Wat is die les wat uit hierdie gebeurtenis te leer is? Net dit: Bloed is dikker as water. Mense wat bymekaar hoort, moet bymekaar staan.**

## Smuts Moet Optree

**Plig eis van veldm. Smuts om vinnig en beslis op te tree teen die aanhitsers en die aanblasers van die oproer, wat die strate van Johannesburg in 'n slagveld omgeskep het.**

**Dit is 'n plig wat die gesteldheid op die handhawing van die openbare orde van hom eis. Hy mag dit nie ontduik nie.**

**'n Baie ernstige aspek van die onluste is die feit, wat duidelik uit die dagpers se berigte blyk, dat dit sistematies geskep is deur bedrewe agitators.**

**Openbare opruiing wat tot geweldpleging lei kan nie geduld word nie.**

**Wat gaan veldm. Smuts doen?**

# Hoofgeneraal Max Smuts

## Vergaderings in A4.

Op 'n byeenkoms van die hoofoffisiere van generaalskappe A1—4, gehou ten huise van die Gebiedsleier, op Maandagaand, 17 Sept., het Gebiedsgeneraal dr. F. D. du T. van Zyl formeel aangekondig dat hoofgenl. Max Smuts van Franschhoek voortaan bevel sal voer oor generaalskappe A3—4.

Dr. Van Zyl het die nuwe hoofgeneraal gelukgewens en die vertroue uitgespreek dat sy werksaamhede met groot sukses bekroon sal word.

Hoofgenl. Smuts het reeds 'n aantal van sy kommando's besoek toe hy en hoofkomdt. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier, vergaderings toegespreek het op Gansbaai, Riviersonderend en Caledon.

Op Gansbaai is 'n geslaagde vergadering gehou onder voorsitterskap van die pas aangestelde kommandant Erik van Dyk, van Paviesvlei. 'n Vroue- en mannekommando is onlangs in die Strandveld op die been gebring. Die vroue word gelei deur komdte. Franken.

Op Riviersonderend het hoofkommandant Neethling voorgesit en op Caledon komdt. P. le Roux.

Oral is vrae toegelaat en is die beleid van die O.B. op heldere en oortuigende wyse gestel.

# Landsdiens vir Bodemliefde



Onbaatsugtige diens in belang van volk en vaderland — dit is die strewe van die Afrikaanse Volksbeweging.

Ons is 'n lotsgemeenskap, het die Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag verklaar.

Op bostaande foto sien u 'n eensgesinde en diensgewillige groep brandwagte in die onlangse kamp te Boesmansrivier.

„My God, My Volk, My Land Suid-Afrika".

## Verkenner Van Vryheidsoorlog Oorlede

### *OOM DAWIE HEENOP †*

Vader Tyd het nog 'n goue skakel tussen ons en die verlede verbreek toe mnr. Dawid Johannes (alombekend as oom Dawie) Heenop op 5 September in die ouderdom van 68 jaar op sy plaas, distrik Nelspruit, aan hartverlamming oorlede is. Oom Dawie was gedurende die hele Vryheidsoorlog een van wyle generaal C. R. de Wet se verkenners en rapportryers. As sodanig het hy meer as eens die dood verag in diens van sy vaderland. Sover vasgestel kon word, was hy die laaste verkenner wat voor die vredesluiting 'n rapport aan die Generaal gebring het.

Op 6 Sept. is hy in die begraafplaas te Nelspruit ter ruste gelê na 'n passende lykrede deur die plaaslike leraar, ds. A. J. van Wyk. By die graf het 'n krygsgenoot van die oorledene, oom Wouter Brink, op versoek van die weduwee 'n paar woorde gesê. O.a. het hy gemeld dat die oorledene en hy die enigste twee oorlewende lede van die Danie Theron-korps in die Laeveld is en dat oom Dawie 'n man was wat sy plig op die slagveld en oral getrou vervul het.

Die oorledene, wat welbekend is in spoorwegkringe in Pretoria en Kaapstad, alwaar hy jarelank werksaam was, word deur sy weduwee en drie kinders oorleef.—(Ingestuur).

## Heidelberg Presteer

Op Heidelberg (Tvl.) is O.B.-dag by wyse van 'n gesellige aand en verkoping in die Marksaal gevier op 11 Aug. onder leiding van komdte. Gouws.

Die Dameskommando met samewerking van die Mannekommando het, soos elke jaar in die verlede, die saak met ywer en belangstelling aangepak. Ons het die mooi som van £120-4-5 kon inlewer.

As hoofspreekster het genle. Malan opgetree. Saam met haar het genl. Vorster ons toegespreek.

Die besielende woorde van albei sprekers het die aanwesiges weer met nuwe moed vervul. — (Ingestuur).

## Nuus uit Christiana

Saterdag, 8 Sept. het die manne- en vroue-kommando van Christiana O.B.-dag gevier. Die kommando's het die eer gehad om genle. Meyer, gebiedshoofvrou, in hul midde te hê. In die aand het sy die brandwagte besielend toegespreek. Hoofkommandante Gericke van die Boerejeugkwartier, toevallig op 'n deurreis, was ook in staat om die Boerejeug bemoedigend toe te spreek. 'n Pragtige en aangename gees van samewerking het dwarsdeur die dag geheers, en in die aand het die genl. Wentzel die verrigtinge met 'n pragtige rede afgesluit. Die som van £28 is ingesamel.

Op dieselfde dag is mev. Peens begrawe, een van die baie getroue brandwagte. Haar eggenoot, oom Gert Peens, is haar slegs enige maande vooruit. Ons meegevoel gaan uit na die kinders. — (Ingestuur).

(Vervolg van volgende kolom)

Dit is opvallend dat in hierdie dae wanneer mense vry is om alle dinge te ondersoek, 'n ban gelê word op boeke wat moontlik behulpsaam kan wees by die ontrafeling van die Joodse vraagstuk.

Die ban geld o.a. die volgende boeke:

„The Jewish Question", 'n versameling artikels wat tussen 1929 en 1932 in Henry Ford se nuusblad The Dearborn Independent, gepubliseer is.

„Judaism and Bolshevism", deur A. Horne.

„Jewish Kosher: Should it be permitted to Survive in New Brittain?", deur Dudley Word.

„Who Wants War?" Deel 4.

„Who Made the World War?"

„A Plot for the World's Conquest".

„Wars that Need not have been Fought".

„The Millions who Need not have Died".

„The Invisible Warmaker".

„The World's Enemies".

„The Cuckoo in the Socialist Nest".

# OGIES IN DIE NUUS

### *BOEDEL VAN £144,633*

'n Boedel van £144,633 is nagelaat deur 'n direkteur van verskeie Randse goudmyne, Jacob Frank. 'n Deel van sy geld het hy bemaak aan verskillende Joodse instellings.

### *UNIEKE WERKMETODE*

Die regering het hierdie week 'n spesiale trein ter beskikking gestel van die H.N.P. se afgevaardigdes na hul kongres. Dit was slegs kollegiale hoflikheid, want vir die parlementêre demokrasie is albei partye ewe onontbeerlik. Vir die volk egter is dit 'n verdere openbaring van 'n stelsel wat verdeeldheid eis as 'n werkmetode. In die hele natuur word werk verrig deur aanvullende samewerking, maar die partystelsel meen om dit langs die weg van voortdurende teenstand te doen.

### *LIEFS MISDADIGERBENDES*

Die Vaderland verklaar na aanleiding van dr. Colin Steyn se Durbanse uitlating oor oorlogsmisdadigers" na wie hy sou soek ten einde ook te kan meedoen aan die Europese spel van „oorlogsmisdadiger-verhore" o.a. die volgende:

„Selfs diegene in ons stede vir wie so iets 'n aangename vooruitsig is, sal spoedig eis dat die Minister sy energie liewer daaraan moet bestee om die misdadigerbendes aan die man te bring wat moord al hoe meer 'n essensiële deel van hul nagtelike rooftogte begin maak".

### *SY MOND VERBYGEPRAAT*

'n Britse veldmaarskalk het heelwat opspraak verwek ten aansien van 'n persgesprek waarin hy uitlatings gedoen het ten opsigte van die Russe en „oorheersing". Hy sou o.a. gesê het dat die Verenigde State „die gebied aan Rusland alleen oorlaat" deur sy besettingsmagte op groot skaal uit Japan te verwyder; en dat die Balkan na Rusland sal gaan „noudat die V.S.A. sy militêre invloed in Europa inkort". Hy het voorts gesê:

„Stalin sal probeer oorheers net waar hy die kans kry".

Die veldheer se naam is Sir Henry Maitland Wilson, hoof van die Britse verteenwoordiging in die gesamentlike stafhoofde-komitee in Washington. Die Britse departement van buitelandse sake het aangekondig „dat geen mening wat hy miskien uitgespreek het, die opvatting van die Britse regering weergee nie".

### *ANTI-JOODSE BOEKE IN DIE BAN GEDOEN*

Die Minister van Binnelandse Sake, senator C. F. Clarkson, het 'n lys van boeke, almal met 'n anti-Joodse strekking, wat hy in die ban gedoen het, aangekondig.

(Vervolg in voorgaande kolom)


EEUFEESPOSKAARTE
1/6
Per Dosyn

SLEUTELKETTINGS
1/6
Posgeld 2d.

FAKKELLOOPPENNINGS
Egte Silwer 30/-
Posgeld 4d.

EEUFEESMEDALJES
9d
Posgeld 2d.

DAMES MANS EN SEUNS UITRUSTERS EN SNYERS
UNIEWINKELS
(KOOPERATIEF) BEPERK
Geregistreer onder Wet Nr. 29 van 1939
PRETORIA
Kerkstraat 275
TAKKE:
Johannesburg
Vereeniging
Benoni
Kaapstad.



## Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

PRYSLYS:

| | Per Bottel in Kissies van 12 Bottels | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/6 | — |
| Anys | 6/6 | — |
| Gemmer | 6/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| „COCKTAIL" | 4/- | — |
| Vermouth (Franse en Italiaanse tipes) | 2/9 | — |

VOORWAARDES:

(i) Deposito's, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels moet alle bestellings vergesel.

(ii) Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, VRY OP SPOOR VLAKTEPLAATS.

(iii) Bestellings per kissie mag bestaan uit verskillende soorte drank, mits dit 'n kissie van 12 bottels is.

Bestel van

EXCELSIOR WYNMAKERY

Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

